**Saterdag 21 Januarie**
**Skrifgedeelte: Johannes 15:1-8**
**Fokusgedeelte: Johannes 15:5**
**Wanneer jy in Christus is, sal jy geloofsvrug dra**

Wat gebeur in jou lewe wanneer jy deur Christus regverdig gemaak is? Jy dra geloofsvrug! Om een of ander rede dink sommige mense die Here se pad met ons eindig by ons verlossing. Ons is nou regverdig – ons kan dus maar doen wat ons wil. Die Here leer ons egter in Johannes 15 dat mense wat regverdig gemaak is, mense wat in Christus geplaas is, vrug sal dra. God sorg daarvoor.

Hy snoei ons – met die Woord en deur beproewings – sodat ons al hoe meer groei en al hoe meer geloofsvrug dra. Sodat ons al hoe meer lewe soos Hy dit wil hê. Die snoeiery is dikwels seer en moeilik, maar dit is nie doelloos nie. Wanneer ons in Christus bly en Hy in ons, sal ons vrug dra. Hoe bly Hy in ons? Deur sy Gees. Deur sy Woord (vs 7). Wanneer ons in alles op Christus vertrou, kan ons aan die belofte vashou dat God vir ons alles sal gee wat ons nodig het. Dan kan ons seker wees dat ons vir die dinge sal bid wat God vir ons wil gee en Hy sal dit vir ons gee.

Kan jy die vrug van geloof in jou lewe sien? Hoor die ernstige waarskuwing: Moenie dink jy kan sonder die Here lewe nie. ’n Loot kan nie lewe as hy nie in die wingerdstok is nie. ’n Loot wat nie vrug dra nie – iemand wat nie waarlik in Jesus glo nie – word afgesny.

Bly in Hom en dra vrug. Dit maak die Vader se Naam groot. Dit gee jou die versekering dat jy waarlik in Christus is.

*Sing: Psalm 92-1:6, 7*

*Ds. GP van Rhyn (Gerhard) (Komatipoort)*